

**Skriflesing:** Johannes 19: 23-37Teks: **Johannes 19:30**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 118:11, 12****TYDENS EREDIENS: Sb.2-4 (33):1,3; Ps.130:2,3; Sb.5-4 (10): 1,2,5,6 Sb.5-3 (8):1,3,5****Johannes 19: 23-37**

**Joh 19:23** Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle sy boklere gevat en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef.

**Joh 19:24** Hulle sê toe vir mekaar: "Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry." Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word waar dit sê: "Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en vir my kleed het hulle geloot." Dit is wat die soldate gedoen het.

**Joh 19:25** By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan.

**Joh 19:26** Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: "Daar is u seun."

**Joh 19:27** Daarna sê Hy vir die dissipel: "Daar is jou moeder." Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.

**Joh 19:28** Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: "Ek is dors."

**Joh 19:29** Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou.

**Joh 19:30** Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: **"Dit is volbring!"** Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.

**Joh 19:31** Dit was Vrydag, en die Jode wou nie hê dat die liggame op die sabbatdag aan die kruis moes bly nie, want daardie sabbatdag was 'n groot dag. Daarom het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die liggame weggevat moes word.

**Joh 19:32** Toe het die soldate gekom en die bene van die eerste een gebreek en ook dié van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig is.

**Joh 19:33** Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie.

**Joh 19:34** Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteeek, en daar het dadelik bloed en water uitgekome.

**Joh 19:35** Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo.

**Joh 19:36** Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word: "Geen been van Hom sal gebreek word nie."

**Joh 19:37** En verder sê die Skrif op 'n ander plek: "Hulle sal Hom sien vir wie hulle deurboor het."

**Skriflesing:** Johannes 19: 23-37Teks: **Johannes 19:30**Sing- **VOORAF SANG: Ps. 118:11, 12****TYDENS EREDIENS: Sb.2-4 (33):1,3; Ps.130:2,3; Sb.5-4 (10): 1,2,5,6 Sb.5-3 (8):1,3,5**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, die kruiswoord waarby ons Vrydag was, is in die Grieks net 'n enkele woord  $\Delta\iota\psi\omega$  - *Ek het dors* ... so is vandag se kruiswoord op hierdie Sondag van die opstanding ook net 'n enkele woord. Die woord-  $\tau\epsilon\tau\acute{\epsilon}\lambda\epsilon\sigma\tau\alpha\iota$  - *Dit is volbring*. Die sesde kruiswoord, dit waarby ons vandag kom, dui ook op 'n geweldige oorgang. So geweldig soos die oorgang van die dood na die lewe kan wees, so is die oorgang van die Vrydag tot vandag se Sondag. Die dag van die opstanding.

Die vierde kruiswoord- *my God, my God waarom het U my verlaat* en die vyfde kruiswoord – *Ek het dors* - was uitroep van smarte – Hier aan die einde van die kruiswoorde is dit duidelik die sesde en sewende kruiswoord was geen klagtes meer nie. Dit is uitroep van oorwinning. Jesus moet nog sterf, Hy moet nog die graf in, die opstanding het nog nie plaasgevind nie, maar dit is asof sy verhoging in beginsel gebeur. Hy kan koninklik in oorwinning sterf al lyk Hy alles behalwe soos 'n koning wat kon oorwin. As ons Hom hoor sê – *Dit is volbring* en dan die laaste kruiswoord – *Vader, in U hande gee Ek my Gees oor*, dan is dit 'n Oorwinnaar wat praat. Die Sondag, vandag sou sy oorwinning bewys!

\*\*\*

Die Sondag wat Jesus uit die dood opgestaan het, spesifiek vandag - kom in lyn met wat Jesus eintlik al aan die kruis begin sê het: *Dit is volbring ...* m.a.w. my lydenspad is nou voltooi. Dit is klaar. In die oorspronklike staan hierdie woord in 'n tydvorm wat ons noem die Perfektum-tyd. Dit is 'n daad wat in die verlede afgehandel is, maar die gevolge, die effek daarvan duur voort. Die gevolge strek die toekoms in! Niks kan hierdie werk ongedaan maak nie! Christus mag dit nou oor Homself sê: Ek het alles volbring, die ganse Wet en die profete. Die voltooiing van Jesus se lydingspad wys duidelik op 'n afsluiting wat ons mag beskou as die afsluiting van die eerste hoofstuk van die wêreldgeskiedenis. So groot is dit! Al is daar nog baie wat met Jesus gaan gebeur, daardie Vrydag moes Hy die graf nog in, daar is die doodsheid van die graf wat nog op Hom sou wag, tog sal sy graf wees, ook dit waarvoor ons vandag nie hoef te vrees nie. Tot vandag weet ons, as Hy sê – *dit is volbring*, dan het Hy klaar die angel van die dood uitgetrek. Selfs die dood sou Hom nie kon vashou nie. Vandag bevestig dit. Hy het uit die dood opgestaan. Hy het waarlik uit die opgestaan.

Met die kruiswoord van *Dit is volbring ...* het ons die inleiding tot 'n nuwe bedeling. Dit kan ook gesien word as van die grootste draaipunte wat daar nog ooit in die wêreldgeskiedenis kon wees. Ons hoor Jesus dit met 'n heldere verstand dit sê- ja mag ons sê dit sou kon wees dat Jesus hierdie twee laaste kruiswoorde dalk in een asem sou kon sê- daardie enkele sekondes voor Hy sy aardse asem sou uitblaas en sy gees oorgegee het. *Dit is volbring* en in *U hande gee Ek my gees oor* volg waarskynlik maar enkele sekondes uitmekaar.

As Jesus die woord *volbring* uitspreek, dan is daar eintlik net drie plekke in die hele Woord van God wat die woord tot in sy diepste betekenis tot ons moet spreek. By die skepping in Genesis 2 vers 1- as ons lees van die hemel en die aarde en alles wat daarin is, is voltooi. Daardie voltooi gaan om God wat sy skepping volbring het. Dit was alles goed geskape, die hele skepping het aan sy doel geantwoord. Alles wat geskape is, is bedoel om God te verheerlik. God het dit só gedoen dat Hy werklik verheerlik kan word. Die tweede volbring is dit wat hierdie kruiswoord is. Jesus het gekom om die opdrag van sy Vader te volbring.

Die laaste wat die woord weer ter sprake mag kom is by die voleinding. In Openbaring 21 vers 6 lees ons van die koms van die nuwe hemel en die nuwe aarde. Dan sal daar weer uitgeroep kan word dat dit is volbring. Dan is die wêreldgeskiedenis verby! Ons kan ook sê die eerste volbring skep die wêreld, die tweede volbring handhaaf die wêreld, die derde volbring sal die wêreld afsluit ...

Ons leef vandag, op hierdie opstanding Sondag ook na hierdie Paasfees in 'n wêreld wat nog gehandhaaf moet word. Ons kom agter hierdie is die enigste kruiswoord wat nie spesifiek tot die hemelse Vader, of dan nou tot 'n spesifieke mens gerig is nie. Die eerste, die vierde en die sewende kruiswoord was tot die Vader gerig. Die tweede tot die misdadiger saam aan die kruis. Die derde was tot sy moeder en Johannes gerig. Die vyfde was 'n versugting aan God en die wêreld om te hoor. Dit het ons Vrydag gehoor - Hoe dors Hy werklik was. Tog as dit gaan om die sesde kruiswoord is dit asof dit die ewigheid inpraat. Vir almal om te hoor, vir almal om te weet dit is nou klaar, die werk is gedoen, dit is volbring.

Daarom dat ons hier ook mag praat van volbragte liefde. Vergewende liefde, verlossende liefde, versorgende liefde, verblindende liefde, verkwikkende liefde, het kon vorder tot volbragte liefde. Dit is asof Jesus nou gereed is om die pad vêrder te stap. Al sou daar nog soveel pyn en lyding wees, onthou Hy was nog aan die kruis, is dit asof daar 'n gees van berusting in Hom gekom het. Hierdie sesde kruiswoord druk iets van hierdie berusting uit. Natuurlik is dit eerstens 'n berusting teenoor God, tog kan Hy ook die mens tot berusting bring, ja om in die wêreld wat ons nou nog is, nog te mag aangaan. Ons wêreld wat nog gehandhaaf moet word kan ek met berusting in my gemoed elke dag se moeilike wêreld ingaan. Dit is asof Jesus ons in hierdie

kruiswoord die versekering gee julle sal werklik kan aangaan, al sal dit nie maklik wees nie, dit sal wel moontlik wees. Want buiten dat Jesus teenoor sy Vader kon berus en teenoor die wêreld ons sy versekering gee, dien die sesde kruiswoord ook as oorwinning oor die sonde en die dood.

Daar is so baie wat Hy moes doen, tog het Hy dit alles tot vervulling gebring. Ja, na hierdie woorde is daar 'n berusting. Die Vader het geskep, dit wat ons by die eerste volbring in hierdie wêreld gebring het, dan lees ons aan die begin van Genesis 2 dat op die *sewende dag het God gerus van al sy werk wat Hy gemaak het ...* Al is Jesus uitmekaargeskeur en sy lyding duur voort is dit asof sy gees alreeds hier tot berusting kom. Jesus se gees kan rus van alles wat Hy tot hier, op hierdie beslissende oomblik vir ons gedoen het, waar Hy dan ook onmiddellik kon sê – *Vader, in U hande gee Ek my gees oor ...* Daar sit in hierdie woorde – *Dit is volbring*, inderdaad iets van 'n rus wat Jesus kon ingaan, al sal Hy nog sy laaste oomblikke voor die kruis moet deurleef, dis asof sy opstaan reeds in beginsel gebeur wat inderdaad die Sondag (ja vandag!) gebeur het.

Dit wil lyk juis met hierdie woorde gebeur daar toe op die aardse tempel, die tempel in Jerusalem die allerverskriklikste ding. Die voorhangsel in die tempel skeur. Daardie groot swaar gordyn wat skeiding gebring het tussen die Allerheiligste en heilige deel van die tempel. Die Allerheiligste was waar die Hoëpriester net een maal per jaar mag ingegaan het om vir die volk se sonde versoening te doen. Nou skeur daardie sware gordyn van bo na onder – ja belangrik van bo na onder, dis nie iets wat van onder na bo kon plaasvind nie. En besef ons die Allerheiligste wat in alle opsigte God se teenwoordigheid uitgebeeld het, as daardie gordyn skeur in wat Jesus met sy volbragte werk gedoen het – ja toe Hy sê – *Dit is volbring* – toe neem God self weg dit wat vir so baie eeue die verskriklikste skeiding tussen Hom en die mens was, die skeiding tussen Hom en sy kinders neem God Self weg as Jesus dit sê – *Dit is volbring!*

Daar kan nou vrye toegang tot God wees, ons kan inderdaad ons verhouding met God nou een tot een maak, elke een kan in 'n vrye persoonlike verhouding met God wees. Jy kan vrylik in Christus tot God nader. Daar is niks meer wat maak dat ons nie die Allerheiligste van die hemel mag ingaan, daar waar God is en Jesus ook daar vir jou intree. Hy het die pad oopgemaak.

Hy wat die pad geloop het, ja veral hierdie laaste ure van wat eers was, Getsémané, sy bloed sweet uit Hom uit, dit pers uit Hom uit- Getsémané wat juis in die Grieks heenwys na 'n oliepers ... toe Gabbata, toe was sy rug al oopgekloof, soos Hy geslaan was, die doringkroon wat op sy kop gedruk was, sy bloed het begin betaal, daarna kom Golgota. Hoofskedelplek – Kopbeenplek word die laaste – van Getsémané verby Gabbata tot by Golgota is dit asof alles nou hier kan stop. Ook toe die Vader kon sê – Nou is dit genoeg ... aan my geregtigheid is voldoen ... ja dit is volbring. Waar die lyde sy hoogtepunt op Golgota bereik het, bereik dit nou ook sy eindpunt.

Hy die ewige Koning, die enigste Hoëpriester, ons hoogste Profeet, in die enkele sin is dit asof al drie sy ampte, die Godgegewe ampte ook tot volmaakte vervulling gebring is. As hoogste profeet het Hy die Skrifte in alle opsigte vervul. Ja, elke deeltjie wat in die Ou Testament hieroor geprofeteer is, is vervul. Ja die hele Ou Testament profeteer oor Hom, Hy vervul elke deel daarvan, al die beloftes, al die skaduwees, al die seremonies, al die heenwysings, alles wat op Hom kon dui, of dit nou 'n rots is waaruit water kon loop, of 'n wolk wat God se volk kon bedek, 'n vuur wat soos 'n pilaar, 'n kolom in die nag kon brand, ja so baie in die Ou Testament wat net in Hom kon saamtrek. Hy volbring dit alles. In die reeks rondom die kruiswoorde bly dit aangrypend juis hoe die Psalms oor Hom geprofeteer het. Hy vervul in 'n sekere sin, Psalm na Psalm. As Hoëpriester praat Hy hier omdat Hy die ewige volmaakte offer gebring het, die enigste offer wat ons op die wyse met God kon versoen. Geen offer is meer nodig om ons met God te versoen nie. Hy het nie net 'n volkome offer gegee nie, sy eie lewe, dit is nou nog die volmaakte offer, die enigste wat werklik vir ons kon betaal. Hy roep dit uit as ewige Koning. Hy het die hemel vir ons oopgemaak.

Ja, toe ons die reeks begin het, was die titel oor al sewe die kruiswoorde, sewe vensters, oop op Golgota. Hierdie sesde kruiswoord, is eintlik so 'n besondere venster wat nie net oopgaan nie, maar dit word vir ons oopgemaak. *Dit is volbring.* Dis 'n venster wat niemand weer kan toemaak nie. Nie eers die Satan nie! Kry u daardeur gekyk. Wonderlik as u oë nie deur die glas van 'n ruit moet breek nie, maar deur die wolke van die hemel en die hemel word deur hierdie kruiswoord soos 'n venster wat vir jou oopgaan. Jy kan daar inkyk want Jesus het dit oopgemaak, dit volbring tot waar die hemele spreek.

Om hierdie kruiswoord juis op die Sondag te mag hoor, vandag die dag van die opstanding, is geen ligtelike saak nie. U kan en moet ook opstaan in die krag wat Jesus jou en my skenk. Staan op vir die ere van sy Naam, staan op waar daar in jou eie lewe al so baie doodsheid ingetree het en dit al lankal dreig om jou al meer geestelik dood te maak.

Ek en jy, sterflike mense ons het 'n ewigheid voor ons, 'n hoër doel, 'n hoë roeping wat in Jesus se volbring-woorde jou en my ewigheid geword het. Weet u dit is seker die grootste fout, die grofste dwaling wat ons mense in ons tyd al meer hulle eie maak om te wil glo ons lewe vir die hier en die nou. Asof die ewigheid nie bestaan nie. Asof daar nie werklik 'n hemel is nie en asof ek maar kan glo soos ek wil en dit moet goed wees! Filosofe noem dit eksistensialisme. So lank ek net hier en nou gelukkig kan wees, hier en nou my lewe leef soos ek goed dink, hier en nou is ek moeg vir die Bybel, moeg vir die kerk, moeg om voor gepreek te word. Geliefdes, u wat die eksistensialisme willens en wetens, maar dalk ook so baie van u wat dit onwetend aanhang, u sal u moet bekeer. Om in die ewigheid verlore te gaan is geen ligtelike saak nie! Vir 'n eksistensialis bestaan die ewigheid nie. Vir so iemand is al wat saakmaak dat mense se menswaardigheid tog net nie aangetas moet word dat my eie regte moet kan seëvier, vergeet dat daar 'n God is, dat sy Woord waar en ewig is en dat waar die hemel nie is nie, is die hel! Sulke mense glo nie aan die hel nie al sal hulle alles probeer om ander se lewe hel te maak. Dis die Satan op sy beste! Op die einde berei hulle eintlik hulle eie hel voor!

Vir ons is die ewigheid dit waarvoor ons nou moet lewe. My moet uitstrek na wat voor is wat waar ons nou is, mag die woorde van Paulus hierdie dag van die opstanding ons weer nader aan God en sy kerk en sy Woord bring. Om die lewende Christus in Paulus dit vir ons te hoor sê –  
Fil. 3:14 - *14 Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.*

AMEN